waarlong aren deswee

## DIE VIERDE SKOOLHOOF
## MENEER CHRISTO VORSTER JANUARIE 2000 – DESEMBER 2009

Met die eeuwending meld die Hoërskool Strand se volgende hoof, mnr. Christo Vorster, op 38-jarige ouderdom aan om vir 'n volle dekade lank diep spore in die geskiedenis van die skool te trap.

Nadat hy sy onderwysloopbaan op Ventersdorp begin het, maak hy 'n eers 'n draai op Sekunda en daarna by die Hoërskool Stellenberg waar hy as adjunkhoof 'n waardevolle bydrae tot die skoolgemeenskap lewer. In Januarie 2000 vestig hy hom met sy vrou, Karin, en twee dogters, Carla en Jana, in die Strand. As toegewyde gesinsman betrek hy gereeld sy vrou en dogters by die aktiwiteite van die skool.

Reeds met sy aankoms by die Hoërskool Strand maak mnr. Vorster dit duidelik dat 'n skool slegs optimaal kan funksioneer as die volgende vyf kernwaardes eerbiedig word: dissipline, erkenning, integriteit, kreatiwiteit en goeie samewerking.

Sy visie vir die skool word as volg verwoord: “om die uitnemendste opvoedingsinrigting te wees.”

In 2007 word die waardes van die skool onder sy deelnemende leierskap verder verfyn tot:
- Vlieg hoër
- Saam doen ons dit beter
- Respek vir alles en almal
- Ek is die verskil

Onder sy leiding word daar veral aandag gegee aan die daarstelling van voldoende fasiliteite en 'n infrastruktuur wat aan die veranderende behoeftes van die skool sou voorsien. Dit lei tot die vergroting van Kindertrustsentrum deur die aanbou van 'n kombuisgedeelte wat as snoepwinkel gebruik sou word, kleedkamergeriewe vir gestremde leerders en twee veeldoelige ruimtes op die boonste vlak. 'n Spesiale Kafeteria-periode word vir elke klas in die skool op die rooster ingebou met die doel om leerders te leer sosialiseer.

Die toename in leerdergetalle noodsaak ook die aanbou van nuwe klaskamers aan die Aerodromeweg-kant van die skool. Die hout- en metaalwerkklasse, ou snoepwinkel, musiekklasse en motorhuis word almal in klaskamers omskep. Die wapenmagasyn word in 'n ruim klerewinkel omskep.

Nog later volg die inrig van 'n verdere twee rekenaarsentrums, geoutomatiseerde hekke aan die voorkant van die skool en die aankoop van 'n nuwe Toyota Quantum-bussie, asook die herontwerp van die sekretaresses se kantoor.

Al hierdie veranderinge en verbeteringe word moontlik gemaak deur 'n gehalte skoolhoof met verbeeldingryke insig, asook die nodige deursettingsvermoë.

Gedagtig aan die feit dat die skoolsaal te klein geword het, word twee saalbeurte op Dinsdae, asook 'n buite-openingop Vrydae in die seunsvierkant ingestel.

In hierdie tyd word die tradisionele groen kleurbaadjie met die wit en maroen strepe ter wille van kostebesparing, deur 'n vlootblou baadjie vervang en die streepdas deur 'n effekleurige vlootblou das met die skoolwapen daarop. Eenvormige sportdrag in groen, wit en maroen word ook ingevoer.

Kurrikulumbehoeftes word ook nie agterweë gelaat nie: Kuns, Tegniese Tekene en Dramakuns word ingevoer, nadat die nodige lokale ingerig is.

Leerders wat hul skool op sportgebied verteenwoordig, kry erkenning vir hul toewyding deurdat die eerste sportspanne op Vrydae hul eerstespandrag mag dra.

Op inisiatief van mnr. Vorster en die destydse voorsitter van die Beheerliggaam, dr. DW Schutte, word 'n uitruilprogram tussen die Burgerschool te Roeselare, België, en die Hoërskool Strand van stapel gestuur. Dié

kulturele kruisbestuiwing bied aan uitgesoekte leerders en die onderwysers wat hulle vergesel, 'n kennismaking met eiesoortige onderrigstelsels, kos, taal, gewoontes en gebruike.

Die detensiestelsel word ingestel en as 'n proefneming kry leerders die geleentheid om skaak te speel eerder as om uitskryfwerk te doen.

Mnr. Vorster se versugting na ‘n skool met diepgewortelde Christelike karakter, kry gestalte in die daarstelling van daaglikse openingsbeurte in die personeelkamer.

As betrokke en gewaardeerde skoolhoof was mnr. Vorster altyd sigbaar by alle sport- en kultuuraangeleenthede, asook gedurende die skooldag op die terrein en in die skoolgange. Met 'n woord van aanmoediging langs die sportveld of 'n ligte waarskuwing in die skoolgange het hy jongmense geleer dat 'n mens vir jou eie sukses verantwoordelik is. 'n Mens kan egter net jou kanse om suksesvol te wees verhoog deur betrokke te raak by dit wat die skool en onderwysers jou bied. In 'n oudleerder, Pieter Lotz, se woorde: “Hy het leerders aangemoedig om betrokke te raak by dit wat die skool bied en op so 'n wyse die meeste te maak van hul hoërskooljare.”

In Desember 2009 aanvaar mnr. Christo Vorster die pos as hoof van die Hoërskool Outeniqua in George.